JAARVERSLAG 2023

Ek lees aan u die jaarverslag soos aan elke lid ge-epos.

In my vorige jaarverslag is dankbaarheid uitgespreek en pas ons aan by die nuwe normal na cowid . Nou is ons genoodsaak om weer aan te pas by Eskom en sy skielike fases van verandering wat vir menigde lid en skoue groot uitgawes en frustrasies meebring, Tog loop ons beker nog steeds oor vir soveel dankbaarhede.

Moorreesburg

By die SA Kampioenskappe is daar 108 stalle geboek deur Vlaamperdlede . Die kampioendubbeltuigpaar van oom Hoffie Blerk is onsuitbaar met hul wenne , Tiaan en Roy . Damesklas was ‘n pragtige klas van 22 inskrywings. Hier stap Jaquar met Marilize Roux aan die leisels weg met die kampioenskap . Die Vlaamperde se wa-span van 8 is altyd ‘n groot hoogtepunt op Moorreesburg en hul word altyd vereer met vol pawiljoen!! Vanjaar het die wa-span van Hoffie van Blerk met die louere weggestap.

Ons senior Vlaamhings aan die hand behoort aan Boeta Smit en seun met Enkelvlei Jano.

En die Merrie aan die hand behoort aan Willie Buys met Floriksa. Groot Kampioen stap/draf is ‘n uitsonderlike mooi klas en gewen deur Frannie Langehoven

Van ons Vlaamperdlede het ook op **Robertson-skou** die Vlame met trots vertoon in die Swarttrekperdskou. Dankie ook vir hierdie opoffering.

Lutzville

Die vertonersete moet eerste gemeld word, want dit was vir al die vertoners ‘n fees. Groot dank aan die organiseerders vir die heerlik bedref wat met soveel “glamour’’ voorgesit is.

Junior hings aan die hand behoort aan Pieter Agenbag met Kaniklani Pip en die senior hings aan die hand is Enkelvei Jano van die Smitte wat ook wegstap met die Enkeltuig kampioenskap. Die siertuig kampioen is Enkelvlei Prins van Neels van Niekerk.

Die Smitte is ook die wenners van die 4-span en die wa-span van 8.

Dankie aan die Skou-komitee van Lutzville wat soveel harde werk insit elke jaar.

Loeriesfontein het weer ‘n Swartperdskou aangebied. Dankie aan die Van der Merwes wat ondanks uitdagings elke jaar volhard om Loeriesfonteinskou te laat voort bestaan.

Heidelbergskou het Jurie Uys ons Vlame ook tydens hul Swartperdskou verteenwoordig. Dankie Jurie en die ander bestuurslede. Skou is vertoon jou mooiste, maar vra ook groot opofferings.

Victoria-wes

Dan kon ons vanjaar , danksy die lede se hulp met die fondsinsamelingsprojek vir diesel, gaan skou op Victoria-wes. Die 22 Vlaamperde en hul eienaars en vertoners is met groot dankbaarheid ontvang en dit was ‘n voorreg vir die Vlame om ook ‘n bydrae tot voortbestaan van Victoria-wesskou te lewer. Hul gasvryheid het gesorg dat daar met mooi en lekker herinneringe teruggekeer

kon word. Die Vlame word veral geprys vir hul kleredrag, asook hoe mooi en netjies die perde geskou word.

2 Wa-spanne word vir hul opgetower en die dankbaarheid om na 47 jaar weer ‘n wa-span in die baan te hê laat menig bedankings op hul neer val. Martin Eksteen se span word as wenners aangewys en die span van Herman, Paultjie en Piet kort op hul hakke!!

Swellendamskou….. die netjiesste, die mooiste en verseker die skou waar die Vlame net bederf word met heerlike etes en gasvryheid. …..en vanjaar kon ons nog deel in die swaar donderweer teen die berg ook.

Oom Hoffie van Blerk sit sy wensege voort met Tiaan en Roy in die dubbeltuigkampioenskap en Alicia laat ook nie op haar wag met die seges nie. Sy wen die dames dubbeltuigklas met Tiaan en Roy asook die damessiertuigklas met Tiaan. Die wa-span van 8 se wentrofee word ook deur oom Hoffie van Blerk ingepalm.

Tydens die damesklas het ons vanjaar 2 ongelukke gehad, maar kan ons meedeel dat beide die dames volkome herstel het en ons is innig dankbaar daarvoor.

Abrie wen die Kampioensiertuigklas met Lita en Tony van Martin Saayman wen die enkeltuigkampioenskap.

Dit is dan ook vir ons Vlaamperde ‘n groot hartseer dat ons sekretaresse van 17 jaar die tuig neerlê tydens hierdie skou. Bedankingsbrief ontvang.

As daar “medals for Vlaam- ladys”uitgedeel kon word sou sy dit beslis inpalm.

Vir geduld, vir liefde, vir diens, vir omgee vir opoffering en so kan ons byvoeg. Sy het soveel bou-werk gedoen aan ons ras. Elke keer gereed om ons harde vrae te antwoord. Raad het nooit ontbreek nie. Dankie is klein en min , maar dit is opreg. My self is deur die raad aangestel in haar plek. Dit is ‘n voorreg, haar voetspore sal ek nooit nie kan volstaan nie, maar aanvaar my met al my foute, wys my op die foute en ek leer en mag ek net soos Tannie Mariena net altyd leiding van ons Hemelse Vader kry. 17 jaar se kennis word nie in een jaar geleer nie, maar ek sal my bes doen saam met die bestuur om ons Vlaamperdras tot nog hoër hoogtes te prober neem. Vir tannie Mariena wens ons net vrede en vreugde toe. Mag daar net voorspoed in Van Blerk-huis wees en dankie dat die deur altyd vir ons oop is vir raad. Vir haar en Oom Hoffie is daar net respeken hope liefde onder die Vlaamperdlede. Ons glo en vertrou ons gaan nog gereeld saamkuier op die skoue.

Dan is ons ook genooi om deelname te hê aan Mistico se Breed show. Andries, Mia en Anne Roux het die Vlaamras daar teenwoordig in SAR klasse. Die Vlaam Halandi Margaret het haar baie goed van haar taak gekwyt en net weer bewys dat ‘n Vlaam kan presteer in enige divisie waarvoor dit afgerig word. Dankie aan die Roux-familie wat ons Vlame se naam hoog dra.

<u>Clanwilliam</u>

Die bestuur waarmee jy enige oorlog aanpak. Entoesiasme, deursettingsvermoë, opoffering en hardwerkende lede. Hierdie eienskappe maak van hulle ‘n gedugte span. Baie dankie Clanwilliamskou, ook vir die onthaal van die vertoners. Heerlik en smaakvol en so deftig voorgesit!!

Enkeltuig wen Tony met Martin Saayman aan die leisels , hy palm ook die wentitel vir Vlaam 3 gang in met Tony. Kiara wen die stap/drag onder 12 bo 18 met Johnny Cash afgerig deur Piet Lourens. Dames dubbeltuig is weer Alicia sin met Tiaan en Roy , sy wen ook die damessiertuig met Tiaan!! Alicia verdien eervolle vermelding tydens hierdie skouseisoen. Sy het nog elke skou waar deelgeneem die dubbeltuigklas ingepalm. Voorwaar 'n mooi prestasie vir hierdie dame wat lid is by ons.

Clanwilliam het die voorreg om 3 waspanne van 8 in aksie te sien. Die span van Martin Eksteen tree as wenners na vore, met Jurie Uys, Pietie Groenewoud en Paultjie Nieuwoudt se span 2de en Hoffie van Blerk in die 3de plek.

Ek spreek ook my dank uit aan Stamboek by name Dr Japie v d Westhuizen, Herman Labuschagne en Sherri wat altyd bereid is om te help met vrae en Karin by Bester en Vennote wat met haar proffessionele hulp na die geldsake omsien.

My Hemelse Vader wat hierdie ras aan ons toevertrou het, wat die afgelope 40 jaar elke tree met ons saamgestap en gelei het. Dankie vir U groot genade dis onverdiende guns alleen.

Aan elke skoulid: Remember: You never lose, you either win or you learn!!!